higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N600**(A)**(J15)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N6

(4090506)

15 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

GS

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE BESTUUR: BOERDERY N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Trek ’n lyn oor die bladsy na die voltooiing van elke vraag.
5. Begin elke vraag op ’n NUWE bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: DIE REG OM GROND TE GEBRUIK

1.1 1.1.1 Beskryf wat die *reg om grond te gebruik* beteken. (1)

1.1.2 Noem DRIE basiese maniere om die reg te verkry om grond vir boerderydoeleindes te gebruik. (3)

1.2 Verduidelik kortliks VYF basiese soorte ooreenkomste wat opgestel kan word vir gesamentlike boerderydoeleindes. (5 × 2) (10)

1.3 Verduidelik die voor- en nadele wat 'n vaste kontanthuurooreenkoms vir beide verhuurder en huurder het. (12)

1.4 Noem die interafhanklike veranderlikes wat die plaasgrootte kan beïnvloed wanneer grond gekoop word. (6)

1.5 Die metode van winsdeling kan van een vennootskap na ’n ander verskil.

Beskryf DRIE basiese metodes wat in 'n boerderysituasie toegepas kan word om winste te deel. (3 × 2) (6)

1.6 ’n Sekere boer oorweeg dit om 'n plaas te koop. Die plaas kan jaarliks 'n potensiële netto inkomste van R250 000 lewer indien sekere verbeterings van sowat R70 000 gemaak word. Die boer wil R100 000 per jaar van die plaas se inkomste vir oorlewing gebruik.

As die kapitalisasiekoers van 12% van toepassing is, bereken die prys van die plaas op grond van sy inkomstepotensiaal. (4)

1.7 Vennoot A en B bedryf 'n boerdery as vennootskap. Hul bydraes tot die plaas is soos volg:

	Kapitaalbydraes	Arbeidsbydraes
Vennoot A	700 000	500 ure
Vennoot B	600 000	1 100 ure

Volgens hul ooreenkoms word kapitaalbydraes van vennote vergoed teen 8% rente per jaar en arbeid teen R12 per uur. Vir die betrokke jaar is die boerderywins R3 000 000.

Bereken:

1.7.1 'n Bepaalde waarde vir elke vennoot se kapitaal- en arbeidsbydraes. (5)

1.7.2 Elke vennoot se deel van die wins indien kapitaal en arbeid vergoed word teen voorafbepaalde tariewe en die wins saldo word gelykop tussen die vennote gedeel. (3)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: DIE BESTUUR VAN PLAASMASJIENERIE EN GEBOUE

2.1 Om die aard van die koste van meganisasie te verstaan, is 'n vereiste om besluite te neem oor meganisasie.

Wat sluit die koste in verband met die besit en gebruik van plaasimplemente in? (7)

2.2 Beskryf, met behulp van relevante voorbeelde, die volgende kostekategorieë:

2.2.1 Vaste koste

2.2.2 Veranderlike koste

2.2.3 Semiveranderlike koste

(3 × 3) (9)

2.3 Verduidelik kortliks VYF redes waarom boere meganiseer. (5 × 2) (10)

2.4 Beskryf die voor- en nadele van die gebruik van gebruikte plaaswerktuie in vergelyking met nuwes en noem die voorwaardes waaronder gebruikte werktuie die geskikste is. (6 × 2) (12)

2.5 Noem SES oorwegings wat van toepassing moet wees wanneer daar oor die grootte van plaaswerktuie besluit word. (12)

[50]

VRAAG 3: DIE INVESTERING VAN FONDSE

Toon aan hoe die volgende faktore 'n boer se keuse tussen beleggingsalternatiewe kan beïnvloed.

3.1 Inkomste teenoor groei

3.2 Veiligheid

3.3 Risiko en opbrengs

3.4 Buigsaamheid

3.5 Likiditeit

3.6 Belasting

3.7 Bestuurskundigheid

3.8 Bedrag van belegging

3.9 Beleggingsperiode

3.10 Tydsberekening

Kopiereg voorbehou

3.11 Diversifikasie

3.12 Verskans inflasie

(12 × 2) **[24]**

VRAAG 4: FINANSIËLE BEPLANNING: PLAASBEGROTINGSSTELSEL

4.1 Wat verstaan jy onder die term *begroting*? (4)

4.2 Bespreek enige DRIE stappe of prosedures wat gevolg moet word by die opstel van 'n produksiebegroting. (3 × 2) (6)

4.3 Noem VYF stappe of prosedures wat gevolg moet word wanneer jy die hoofbegroting opstel. (5)

4.4 Noem SES stappe of prosedures wat gevolg moet word tydens die voorbereiding van die finansieringsbegroting. (6)

4.5 Gee VYF redes om te motiveer waarom 'n begroting 'n belangrike hulpmiddel vir enige wetenskaplike boer is. (5)

[26]

VRAAG 5: ANALISE EN INTERPRETASIE

5.1 Gee die algemene formule vir elk van die volgende doeltreffendheidsmetings:

5.1.1 Opbrengskoers op totale kapitaal voor belasting

5.1.2 Die eienaar se opbrengskoers voor belasting

5.1.3 Koste van buitelandse kapitaal voor belasting

5.1.4 Koste van buitelandse kapitaal na belasting

5.1.5 Kapitaalomsetverhouding

5.1.6 Skulddiensverhouding

(6 × 2) (12)

5.2 In agribesigheid is daar verskillende koste-items wat moeilik kan wees om aan 'n individuele tak toe te ken sonder om 'n hoogs gesofistikeerde stelsel van rekords te hou.

Gee VYF algemene voorbeelde van hierdie koste onder normale omstandighede. (5)

Kopiereg voorbehou

5.3 Gestel die volgende inligting van 'n sekere plaas vir 'n sekere jaar is beskikbaar:

- 1 000 hektaar graan geplant
- 2 000 ton graan geoes
- 'n Gemiddelde prys van R2 000 per ton graan ontvang

Die produksie-, bemarkings- en administratiewe uitgawes was soos volg:

Entstof	R120 000
Saad	R100 000
Kunsmis	R130 000
Lone	R80 000
Diesel En Olie	R50 000
Herstel En Instandhouding Van Toerusting En Voertuie	R90 000
Waardevermindering Op Voertuie En Toerusting	R100 000

Die waardasie van boerdery bates was soos volg:

Grond en verbeteringe	R800 000
Voertuie en toerusting	R500 000

Gebruik die bogenoemde inligting om te bepaal**:**

5.3.1 TWEE maatreëls om die mannekrag-doeltreffendheid van die plaas te bepaal (8)

5.3.2 'n Maatstaf om die doeltreffendheid van oes te oordeel. (4)

5.3.3 Doeltreffendheid van toerusting in terme van veranderlike koste (4)

5.3.4 'n Maatstaf om te bepaal of daar nie oorinvestering in voertuie en toerusting was nie (4)

5.4 Gee VIER stappe in 'n logiese volgorde waaruit 'n behoorlike takontleding sal bestaan. (4 × 2) (8)

5.5 Verduidelik kortliks die berekening van die winsgewendheid van 'n individuele produksie tak van 'n boerderyonderneming. (5)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou